

1 SEPTEMBER

SKRIFGEDEELTE: 1 TESSALONISENSE 1:1-10 (OAV)

FOKUSGEDEELTE: 1 TESSALONISENSE 1:1-3

Dank God altyd: Die Woord en Gees van God werk!

Paulus kon slegs drie weke onder die mense van Tessalonika werk, lees ons in Handeling 17:2. Skielik moes hy in die middel van die nag die gemeente verlaat en vir sy lewe vlug (Hand. 17:10). Maar dan bring Timoteus vir hom die goeie tyding: Die werk was nie tevergeefs nie, want die gemeente het reageer op die bediening van die Woord. Hulle het die evangelie van Jesus Christus ontvang en aangeneem as die Woord van God deur die werking van die Heilige Gees (1 Tess. 2:13)! Die Woord van God werk in hulle wat glo!

Paulus is uitbundig van vreugde en hy en sy medewerkers *dank God in hulle gebede* as hulle dink aan die gemeente en as hulle ook die werk van hulle geloof in gedagte hou, die arbeid van hulle liefde en die lydsaamheid van hulle hoop op onse Here Jesus Christus. Dan bely Paulus: "Want ons evangelie het tot julle nie gekom in woord alleen nie, maar ook in krag en in die Heilige Gees..." As die Heilige Gees nie die geloof gee nie, kan ons God se stem nie hoor nie! Die Heilige Gees gee die getuienis oor sy Woord. Hierdie getuienis van die Gees ontvang ons in die Woord waardeur Hy ons ore open om God se stem te hoor, om die roepstem van God in sy Woord te kan herken en erken as die lewendige Woord wat verkondig word. Ons oë word geopen om ons Here en Verlosser, Jesus Christus, te kan sien. Die Heilige Gees gee ons krag om te werk as navolgers van Christus, om voorbeelde vir almal te wees en om die evangelie te verkondig! Daarom kan ons soos Paulus in vreugde die Here alleen dank in ons gebede, want Hom alleen kom die eer toe vir die genadewerk!

Sing: Psalm 103:1

Ds Lourens Nel (Derdepoort)